

Inhoud Hierdie preek wys dat die mag van Satan is valse Christusse en die krag van die Satan is om die wet te gebruik om mense van God se liefde vervreem te hou. Jesus is die ware Christus wat gekruisig word in ons plek, en uit die dood as mens opstaan om vir ewig vir ons in te staan vir wie ons nie self kan wees nie. So verbreek Jesus alle valse Christusbeelde en ook die krag van Satan om met die wet gelowiges van God se liefde te vervreem. Wie in Christus Jesus glo, kan nooit weer onder die mag en krag van Satan staan nie. Dit is volkome verbreek deur Christus. Om in Jesus Christus te glo, is hoe die gebreekte mag en krag van die Satan weerstaan word. Satan word nie deur magiese spreuke, morele standvastigheid of gebedsworsteling weerstaan asof sy mag en krag nie gebreek sou wees nie.

Skriflesing Matteus 3:15; 4: 1 – 11; Mat. 27: 39 – 44; Mat. 16: 21 – 23.

Teks Mat. 27: 42 c “Laat Hy nou van die kruis afkom en ons sal in Hom glo.”

Tema Christus het Satan se mag en krag oor ons verbreek

1. Daar is 'n groot verskil tussen die mag en krag van mense se sondige geaardheid en die mag en krag van die Duiwel! Dit is twee verskillende sake wat eintlik in sig self niks met mekaar te doen het nie. Jy het glad nie 'n duiwel nodig om 'n sondige geaardheid te kan hê wat baie effektief kan werk nie. Mense se sondige aard is kragtig en effektief sonder enige hulp, binding of invloed van 'n duiwel. Dit is sommer wie mense vanself is.

Die mag van ongelowige mense se sondige geaardheid is om te glo dat mense en God in 'n magstryd van groot en klein teenoor mekaar staan. Hierdie manier van groot en klein dink oor God en mense, is die die mag van mense se sondige natuur. Ongelowiges dink altyd so!

- Wie is die Almagtige en wie is die onmagtige, God of ek?
- Wie is alles en wie is niks nie, God of ek?
- Wie het altyd totale beheer oor alles en wie moet altyd alles aan totale beheer oorgee, God of ek?
- Wie besluit altyd oor alles en wie moet maar altyd net gelate wees waarom besluit is, God of ek?
- Wie oorheers alles absoluut en wie is altyd absoluut ondergeskik, God of ek?

Hierdie houding om altyd so te voel, te dink en te glo oor jouself en God, is dit wat die Woord van God noem – die mens se sondige geaardheid. Dit is die alombekende houding, “ek sal maar niks wees nie, gelate wees, ondergeskik en oorgegee wees, sodat God Homself kan wees soos Hy God wil wees.” Maar dit is terselfdertyd ook die houding dat ek gaan myself nou vir 'n slag wees soos ek is en myself laat geld, en God moet nou maar vir 'n slag een kant toe of op sy staan.

Christus het Satan se mag en krag oor ons verbreek

Hierdie houding is die sondige natuur van die mens, altyd besig met wie is groot of klein, ek of God, en daarvoor het jy nie 'n duiwel nodig nie. Die Duiwel sal rustig in China besig wees en elke mens in Suid Afrika sal nog bevange wees in hierdie houding teenoor God: wie is groot en klein, en hoe klein is klein en hoe groot is groot? Dit is die skrikwekkende van die mens se sondige aard teenoor God, nie die krag of mag van die duiwel nie.

Christus het gekom om om kosbaar te maak deur God se liefde sodat Hy ons uit hierdie mag van ons sondige natuur bevry het. Dit het ons verlede week gesien. Ons leef in die liefde en diens van kosbare kinders, nie die geveg oor groot en klein met God nie. Die mag en krag van die Duiwel is iets totaal anders as ons eie sondige natuur.

2. Wat is dan die werklik krag en mag van die Duiwel?

Die werklike effektiewe mag van die Duiwel sien ons in Petrus se optrede teen die Here Jesus Christus in Matteus 16:22. In Matteus 16 openbaar die Here Jesus vir die eerste keer vir sy dissipels dat Hy as die Christus die Here is wat vir sondaars se sondes veroordeel gaan word, wat vir sondaars gekruisig gaan word en vir hulle sondes gaan sterf, te helle neerdaal en uit die dood uit opstaan om vir altyd vir hulle in te tree.

Petrus gaan die Here teë en verbied hom om vir sondaars te ly, gekruisig te word, te sterf en uit die dood uit op te staan. Hy doen dit in die Naam van God met hierdie woorde: "Mag God dit verhoed, Here! Dit sal beslis nie met U gebeur nie. Petrus maak hier 'n geloofsverklaring oor die Christus, die Messias. Dit is in direkte aansluiting wat hy net vooraf nou gedoen het toe hy die geloofsbelydenis teenoor Jesus gemaak het: "U is die Christus, die Seun van die lewende God." Mat.16: 17. In hierdie geloofsbelydenis verteenwoordig Petrus die kerk van die Here. Nou verbied Hy Jesus in die Naam van God om as Christus en Seun van die lewende God om vir sondaars gekruisig te word en uit die dood uit op te staan.

Christus spreek Petrus onmiddellik aan as Satan. Dit is nie sommer maar net 'n manier om Petrus sleg te sê nie. In hierdie geloofsoortuiging waarmee Petrus die Here teengaan in sy kruisiging en opstanding, werklik die verteenwoordiger van die mag van Satan. Hier is Petrus self antichris: teen die Christus wat vir sondaars sondaar geword het.

Die mag van die Duiwel is die geloof in 'n Christus wat nie vir sondaars se sondes gekruisig word en uit die dood uit opstaan nie. Dit is wyse waarop Satan self die Antichris is: met ander messiase teen Jesus Christus.

Christus het Satan se mag en krag oor ons verbreek

3. Daar is geen verskil in die mag wat Petrus hier verteenwoordig, die mag wat die Fariseërs en Jode by die kruis van die Here verteenwoordig en die mag wat die Duiwel in Matteus 4 in Jesus se versoeking in die woestyn self verteenwoordig nie.

Hierdie mag word gedemonstreer in die verklaring: “Kom van die kruis af en ons sal glo jy is ons Christus en ons Here”. Dit is mos presies wat Petrus vir Jesus: Ek glo jy is die Christus, die Seun van die lewende God. Jy mag nie gekruisig word nie. Petrus se geloof in Jesus in Matteus 16 is die geloof van die Jode en Fariseërs in Matteus 27 by die kruis: “Kom van die kruis af en ons sala in jou glo.”

Dit is ook die geloof van al die dissipels gewees. In Matteus 20 kondig Jesus weer net soos in hoofstuk 16 vir die derde keer aan dat Hy vir sondaars se sondes oorgelewer gaan word, veroordeel gaan word, aan die dood uitgelewer gaan word, gekruisig gaan word en dat Hy op die derde dag uit die dood sal opstaan. (Mat. 20: 17 – 19) As reaksie op hierdie aankondiging kom Johannes en sy broer Jakobus en vra dat wanneer hulle nou in Jerusalem ingaan en die koninkryk van God gaan oprig, hulle aan sy linkerhand en regterhand kan sit, en hulle doen dit deur hulle ma! Toe Jesus hulle vra of hulle sy lydingsbeker kan drink, antwoord hulle selfversekerd: “Ja”.

In hulle gemoed sou hulle Jesus se opvolgers wees en oor God se koninkryk regeer wanneer Jesus doodgaan en nie meer daar is nie! Hulle het nie geglo in die Christus wat vir sondaars veroordeel, gekruisig word, aan die dood uitgelewer word en uit die dood sal opstaan nie.

Hulle poging om sy opvolgers te word, is hulle poging om te sorg dat Jesus nie die koninkryk van God vernietig met die wanopvatting om oorgelewer, gekruisig te word en uit die dood uit op te staan nie. Hulle wou God se koninkryk in stand hou na Jesus se dood as die opvolgers van die Christus. Só is hulle self antichriste, in hulle geloof teen die Christus wat as 'n lewende mens uit die dood sal opstaan!

4. Wat is die dissipels en die Jode se geloof in die Christus? Dit is die geloof in die mag van die Duiwel – die valse Christus. Dit is die leuen van die Duiwel, nie sommer net gewone liegstories van mense nie. Dit maak mense op sonder enige hulp, invloed of binding van die Duiwel. Die Duiwel se mag – is die beeld van 'n valse Christus en mense se geloof in 'n valse Redder! Die Duiwel se mag is om die Christus en sy verlossing te vervals met die leuen van 'n ander Christus as Jesus Christus wat vir sondaars se sondes gekruisig word: “Kom van die kruis af en ons sal in jou glo.”

Dit sien ons duidelik in wat in Matteus hoofstuk 3 en 4 gebeur!

Christus laat Homself teen die wil, geloof en poging van Johannes die Doper om te keer dat Jesus gedoop word, deur Johannes met water doop. (Mat. 3: 13.14) In sy doop maak Jesus Homself sondaar tussen sondaars en sondaar vir sondaars. Hy

Christus het Satan se mag en krag oor ons verbreek

gaan staan in die plek van sondaars. Daarom is Christus se doop die begin van sy lyding wat sou eindig in sy veroordeling, oorlewering in die dood, kruisiging en opstanding uit die dood. Want dit is hoe Christus alle geregtigheid vir sondaars vervul. (Mat.3: 15 Direkte Afrikaanse Vertaling)

Só is Jesus die Christus, God die Vader se geliefde Seun oor wie die Vader Hom verheug (Mat. 3: 17): Hy wat Homself in die doop sondaar vir sondaars maak om sondaars vir God regverdig te maak in sy kruisiging en opstanding.

5. Dit is egter nie die Christus in wie die Duiwel en dissipels hulle verheug nie.

Die Duiwel se versoeking in die woestyn is om Jesus aan sy mag te onderwerp, om 'n ander Christus te word en 'n ander verlossing te bewerk as wat Hy deur sy kruisiging en opstanding gaan doen. In elke versoeking van die Duiwel weerklank die woorde van die dissipels en Jode: Kom van die kruis af en ons sal in jou glo, mag God dit verhoed dat jy gekruisig word en ons God se koninkryk bestuur as jy jouself dan aan die kruis wil oorgee.

Die eerste versoeking om van klippe brood te maak om sy eie nood te verlig met sy goddelike mag en krag, beteken Jesus moet nie ander verlos nie, maar Homself uit sy eie nood. Hierdie is presies dieselfde versoeking by die kruis in die woorde: "Red jouself as jy die Seun van God is, en kom van die kruis af." en "Ander het Hy verlos, maar homself kan hy nie verlos nie." (Mat. 27: 40 en 42) Jesus se antwoord op die Duiwel is nie maar somer net 'n kwinkslag met Bybelversies oor wie die Bybel die beste ken nie. Die Woord van God is Jesus wat vir sondaars sondaar in hulle plek word in sy doop om hulle vir god regverdig te maak. Daarmee wys die Here dat sy lyding en opstanding is die ware lewe, nie 'n lewe van materiële vergenoegdheid nie. Daarmee verwerp die Here die tipe Christus wat welvaart en selfvergenoegdheid verlossing maak.

Die tweede versoeking om van die tempel af te spring om te wys Hy is die Vader se geliefde Seun, is om die Christus te wees wat die Joodse geestelikheid in die tempel met goddelike magsvertoon sanksioneer as dit wat die Vader verheug. Hierdie is presies dieselfde versoeking by die kruis in die woorde: Hy het op God vertrou; laat God hom dan nou red as Hy dan 'n behae in Hom het. Hy het immers gesê hy is die seun van God!" (Mat.27:43) Sou Jesus voor die Jode van die dak van die tempel af gespring het, en engele sou Hom gedra en saggies op die grond gesit het, sou Hy 'n goddelike krag en mag vertoon het wat die Jode by die tempel in Hom sou laat glo het, dat Hy die Christus is van hulle tempeldiens: hoe hulle hul self vir God regverdig maak met hulle offers en oorgawes. Jesus se antwoord is weer nie 'n kwinkslag met Bybelkennis nie. Hy verwerp met 'n verwysing na Deuteronomium 6:16 om met goddelike mag hul godsbedryf in die tempel te sanksioneer. Hy is die Christus wat die geboorte onder hou en daarvoor gekruisig gaan word om hulle wat die geboorte nie kan onderhou nie, te regverdig.

Christus het Satan se mag en krag oor ons verbreek

Die derde versoeking gaan oor die gee van God se eer, dank, lof en aanbidding aan 'n skepsel, 'n engel, te gee om as mens goddelike mag oor alle mense te kry. Dit is die Messias van hierdie wêreld in sy volle brutaliteit: 'n mens met goddelik mag oor mense deur God van sy eer, dan en lof te roof. Dit was die koninkryk van God van Petrus, Johannes, Jakobus en die Jode: ons sal met goddelike krag en mag oor al die nasies van die aarde regeer! Jesus se antwoord aan die Duiwel is dat Hy nie van die taak om gekruisig te word sal afsien om goddelike mag en krag aan mense te gee nie. Hy gaan aan die kruis bly sodat mense God weer met hulle hele hart, siel en verstand as geregverdigdes kan liefhê.

6. Jesus Christus om nie van die kruis af om sy dissipels en Jode met goddelike mag en krag toe te rus om oor die wêreld te regeer nie. Hy bly aan die kruis om die mag van Satan te breek: hy is nie die valse Christus van die Duiwel nie, Hy is die ware Christus aan die kruis in wie die Vader Hom verheug.

Deur aan die kruis te bly, verbreek die Here die mag van Satan van 'n Messias wat mense met goddelike mag en krag toerus om die wêreld aan hulle geestelike mag te onderwerp!

- Hy word nie 'n Christus wat sondaars se sondige aard as hulle ware geestelikheid met goddelike magte en kragte bekragtig nie. Hy word sondaar wat veroordeel is, vir sondaars wat deur God veroordeel moes word, sodat hulle nou verheerlikde kinders van die Vader is in wie hy hom verheug!
- Hy word die Christus wat aan die straf van sonde oorgelewer word, sodat sondaars van die straf van sonde gevrywaar sal word.
- Hy word die Christus wat die vloek van God op hulle sonde dra, sodat hulle die seën sal ontvang van die Vader wie in hulle verheug is.
- Hy word die Christus wat uit die dood opstaan sodat hy vir altyd self die Christus bly, en geen plaasvervangers of opvolgers oor sy koninkryk laat regeer nie.

Deur aan die kruis te bly verbreek Christus die mag van Satan dat daar 'n ander soort Christus en verlossing is as Jesus wat ons van ons sondes verlos! Christus verbreek die mag van Satan deur ons in met God se liefde te vervul en só te bevry van ons sug na goddelike sanksie en mag vir ons eie sondige aard.

7. Deur Christus se kruisiging het Hy nie net die effektiewe mag van Satan, die leuen van 'n ander Messias, verbreek nie. Hy het ook die effektiewe krag van die Bose vernietig.

Die verskil tussen mag en krag is soos die verskil tussen die enjin van 'n kar en die petrol vir die kar. Die mag van die Duiwel is valse christusse. Die krag van die Duiwel is die wet van God. Die krag van die Duiwel en elke gevalle engel is nie

Christus het Satan se mag en krag oor ons verbreek

magiese kragte nie. Daar is nie so iets soos magiese kragte nie. Dit is sommer net verbeeldingsvlugte van geestelikes. Daar is ook geen engel of skepsel van oor God se skeppingskrag beskik nie, of oor 'n krag gelykstaande of teenoorstaande aan God se skeppingskrag nie. Alle kragte van skepsels, engele en mense is geskape kragte wat God hulle mee beklee.

Die enigste effektiewe krag van die Duiwel vir die mag van die Duiwel – is God se wet, die Tien Gebooie, want deur die wet is Hy mense se aanklaer by God!

Romeine 8: 31 – 39 wys wat was hierdie krag van die wet wat Christus met sy kruisiging en opstanding verbeek het, punt vir punt. Romeine 8 wys Satan se gebreke krag!

Vers 31. Deur Christus se kruisiging en opstanding is God as Skepper vir ons. Dit is presies die teenoorgestelde wat die Duiwel deur die wet vir mense sê: “Jou sonde voor die wet maak dat God teen jou is en jy teenoor God as vyand van God staan.” Deur God vir ons te laat wees wat in ons verheug is as sy kinders, kan Satan nooit weer deur die wet van God vir ons wys dat God teen ons is nie.

Vers 32. Jesus is die Seun van God wat God die Vader nie gespaar het nie, maar Hom oorgelewer het aan die straf vir ons sonde. Satan gebruik God se wet om ons te probeer wys dat dit ons is wat die rede is dat Jesus aan die kruis moes hang. Jesus is egter nie die Christus wat ons aan die kruis oorgelewer het nie. Hy is die Christus wat die Vader vir ons sondes uitgeleer het om ons vry van skuld, nie op 'n nuwe manier skuldig te maak nie.

Vers 33. Jesus is die Christus wat my sy kruisiging vir ons vir God se liefde reg maak en reg laat wees, nie aankla oor ons liefde nie reg of goed genoeg is nie. Daarmee het hy die krag van die Satan gebreek om ons deur die wet van God ons altyd aan te kla oor ons gebroke liefdes.

Vers 34. Jesus het gesterf en uit die dood opgestaan om vir ewig vir ons in te staan vir wie ons nie vir God volgens sy wet kan wees nie. Daarmee het die krag van die Duiwel verbreek om ons deur God se wet te veroordeel vir ons sondes.

Vers 35. Deur die Christus te wees wat as geliefde Seun deur die Vader aan God se straf oorgegee te wees, maak Christus ons onskiedbaar deel van God se liefde. Daarmee verbreek Hy die mag van engele, die Duiwel is net 'n engel, en alle bese magte wat ons deur die wet van God wys dat ons van sy liefde geskei sou wees.

8. Kan u sien hoekom die Satan, Petrus, Johannes en Jakobus en die Fariseërs wou keer dat Jesus die Christus is wat gekruisig word en uit die dood opstaan om sondaars vir God regverdig te maak?

Christus het Satan se mag en krag oor ons verbreek

Hulle wou keer dat Christus sondaars onskuldig, buite God se oordeel vir God reg laat wees. Want Petrus, Jakobus, Johannes en die Fariseërs wou almal die wet van God gebruik om vir almal te wys hoe verkeerd, sleg, vervreem en verwyderd van God mense is sodat hulle dan mense met God se wet kan regkry!

Só wou hulle die antichriste wees – die krag van Satan! Om mense buite God se liefde te stel met God se wet! Hoekom? Want mense wat nie liefde ken nie, soek mag, goddelike mag!

Die Satan se mag en krag is gebreek! Jesus het aan die kruis bly hang en so alles goddelike kragte en magte gebreek. Jy kan by Jesus geen goddelike krag of goddelike mag kry nie. Hy het alle geestelike versugting na goddelike krag, mag en outoriteit kan breek. Want deur aan die kruis te bly, het hy sondaars in God se onseibare liefde vir sondaars in te sluit, het hy hulle met liefde vervul en van geestelike mag bevry.

So het die Here Jesus die enigste effektiewe mag en krag van Satan verbreek! Hy laat ons Hom ken as die ware Christus wat vir ons sondes gekruisig is en opgestaan het om vir ons in te staan by God en daarom verwerp ons enige ander tipe Christus. Hy het die wet as die krag van Satan om ons vir enige sonde aan te kla verbreek sodat God nooit teen ons is nie.

Die Satan kan geen mag of krag oor 'n gelowige hê nie. Dit is verbreek.

9. So wat kan die Duiwel nog doen?

Al wat hy nog op aarde kan doen is om in die Naam van Jesus Christus sy ou verlore mag en krag te probeer herwin en handhaaf.

Dit is deur predikers soos Petrus, Jakobus en Johannes vandag in kerke te laat opstaan om 'n ander Jesus as die gekruisigde Jesus en 'n ander verlossing as die vergifnis van sonde deur Christus te verkondig. Predikante vir wie die Here sal sê: Gaan weg agter my Satan!

Die boodskap van die Satan in die Naam van Jesus Christus klink vandag só: Jesus is 'n voorbeeld van wat jy met jouself moet doen! Christus het aan die kruis gebly, gesterf en uit die dood uit opgestaan om te doen wat ons nie kan doen nie. Ons kan nie onself kruisig, veroordeel en doodmaak vir ons eie sondes en onself aan God uitlewer as 'n offer wat Hom behaag nie.

Maar dan gaan sit ons in 'n kerk en die verteenwoordiger van Satan staan op die kansel en stel aan jou: jy moet vandag hoor dat God teen jou is en 'n saak het teen jou wat jy vandag self met God moet regmaak; as ek dit vanoggend vir u sê: "Kyk wat jy met Jesus met jou sondes gedoen! Jy het met jou sondes die Here aan die

Christus het Satan se mag en krag oor ons verbreek

kruis gespyker! Dis jy met jou sondes wat dit met Jesus doen! Wie is ek nou op die kansel? Nou is ek vir u die Duiwel! Ek verteenwoordig nou die Satan homself! En dan sê ek verder vir u dat nou moet jy jou self vir God kruisig, vervloek, jou eie-ek dood maak en self jou saak nou met God regmaak, dan het ek mos vir u Jesus Christus van die kruis afgehaal en jou op daardie kruis gesit!

Dit is wie Petrus, die dissipels en Jode wou wees! Hulle wou mense op die kruis sit en vir hul sondes laat betaal deur hul self aan God se mag oor te gee, en daarom was Jesus wat aan die kruis gaan hang het vir hulle iemand wat hul geestelike mag en krag sou breek.

Dit is wie hulle wou wees! So leef mense binne die hel self! Nie 'n grotte en donker skure nie, in 'n helder verligte kerkgebou waar jy in 'n Christus moet glo soos wie jy met wees en wie nie is wie jy nie kan wees nie, en om met jouself te doen wat Jesus vir jou gedoen het!

10. Die opdrag van Christus is weerstaan die Bose! Dit is ons Christelike geloofsgehoorsaamheid. Ons moet die Bose teenstaan. Hoe doen ons dit? Dit wys die Here vir ons in die bekende gedeelte van Efesiërs 6: 10 -17. Dit doen ons nie deur die gebruik van magiese spreuke teen die Satan of deur morele teenkanting in eendragtige vroomheid nie, self nie eers deur een of ander gebedsgeveg met die Satan aan te knoop nie.

Ons trek die wapensrusting van God aan! Trek die gordel aan van die ware Christus wie gekruisig is in jou plek, verwerp die valse Christus soos wie jy kamstig moet wees. Beveg die Bose aan deur 'n borsharnas aan te trek: "Ek is reg vir God, want Hy maak en hou my reg." Jy moet nie weerloos wees teen die aanval dat jy nie vir god reg is en jou saak self met God moet regmaak nie. Ons geloof is ons skild teen predikante se oordele, aanklagte en beskuldigings dat ek en my liefde nie goed genoeg is vir God nie. Ons dra die skoene van vrede met God deur die kruisiging en opstanding van Christus en is nie geestelike vegters en bestuurders van God se koninkryk op aarde nie. Ons dra die helm van verlossing Jesus is vir my veroordeel, gekruisig, uitgelewer en ek doen nie so iets met myself om goddelike kragte en magte te kry nie.

Hoe kan daar dan nog van 'n kansel vir my gesê word: Jy is in die mag van die Duiwel, Stan het 'n binding op jou, jy is in die krag van die Duiwel, as Christus sy mag en krag heeltemal verbeek het? Net deur kerke wat Jesus preek as voorbeeld van wat jy met jouself moet doen as iemand teen wie God is en God self aankla! Kom ons verweer ons in en deur ons geloof in wat die Here met die mag en krag van Satan gedoen het. Kom ons aanvaar die Here wat aan die kruis gebly het en verwerp die geestelikheid wat hom van die kruis afhaal om ons aan die kruis te sit.

Dit is die mag en krag van Satan wat gebreek is, om sonder Christus self soos Jesus te wil wees!